




Toets: Kwartaal 2 – 2022 – Memorandum

Vraag 1: Getalle, berekeninge en verwantskappe

1.1 Vyf skape is in 'n boer se kraal. Beantwoord die vrae wat volg:



1.1.1 Tel hoeveel ore daar altesaam in die kraal is. (1)

10 of tien ✓

1.1.2 Tel die aantal pote wat daar altesaam in die kraal is. (1)

20 of twintig ✓

1.1.3 Indien die boer twee van die skape verkoop, hoeveel skape sal hy in die kraal oorhê? (1)

3 of drie ✓

1.2 Voltooi elkeen van die volgende getalpatrone:

1.2.1 30; 40✓; 50; 60✓; 70 (2)


1.2.2 55; 60; 65✓; 70; 75✓ (2)

1.2.3 12✓; 14; 16; 18✓; 20 (2)

1.3 Skryf die getalnaam van elkeen van die volgende getalle neer: (5)

6	4	8	9	10
Ses ✓	Vier ✓	Agt ✓	Nege ✓	Tien ✓

1.4 Kyk na elkeen van die volgende sakke wat albasters bevat en beantwoord die vrae wat volg:



1.4.1 Hoeveel albasters is altesaam in sak B? (1)

6 of ses ✓

1.4.2 Hoeveel meer groen albasters is in sak E as in sak D? (1)

2 of twee ✓

1.4.3 Watter sak bevat die minste blou albasters? (1)

B ✓


1.4.4 Watter sak bevat meer rooi albasters as sak B? (1)

D ✓

1.4.5 Watter sak bevat dieselfde aantal blou albasters as sak E? (1)

C of D ✓

1.5 Voltooi die volgende getallelyn deur die ontbrekende getalle in te vul: (3)



1.6 Voltooi elkeen van die volgende bewerkings deur die antwoord of die ontbrekende getal in te vul: (4)



1.6.1	5	+	3	=	8✓
1.6.2	10	-	3✓	=	7
1.6.3	5✓	+	4	=	9
1.6.4	8	-	4	=	4✓

[26]


Vraag 2: Patrone

2.1 Brei die patroon een keer uit: (4)

2.1.1



2.1.2




[4]

Vraag 3: Woordprobleme

3.1 Nora pak suurlemoene in sakkies. Sy sal vyf suurlemoene in 'n sakkie kan pak en sy het 'n totaal van 16 suurlemoene om te verpak. Hoeveel sakkies met vyf suurlemoene elk sal sy kan maak? (2)

3 vol sakkies met 5 suurlemoene elk ✓ en 1 suurlemoen bly oor. ✓



3.2 Jana verjaar en neem 'n plaatkoek skool toe. Haar ma het die koek in 18 gelyke blokkies gesny. In haar klas is daar 9 maats. Hoeveel stukkies koek kan elke maat kry sodat al die maats dieselfde hoeveelheid ontvang? (1)

2 stukkies koek ✓




3.3 Lara het 3 potlode. Indien sy nog 4 by haar ma kry, hoeveel het sy nou? (1)

7 potlode ✓




3.4 Pieter het 13 nuwe tennisballe gehad, maar tydens sy oefening een middag het hy 4 verloor. Hoeveel tennisballe het hy oor? (1)

9 tennisballe ✓



3.5 Ben het 13 pare sokkies in sy kas. Twee van die pare is rooi, vier is groen en die res is wit. Hoeveel pare wit sokkies het hy? (2)

7 pare wit sokkies ✓✓



3.6 Die volgende tabel dui Marli se inkomstes en uitgawes gedurende een week aan. Volg haar transaksies en bereken hoeveel geld sy teen Sondag in haar beursie sal hê. (5)

Maandag	Marli begin die week met R20 in haar beursie.	
Dinsdag	Marli spandeer R4 by die snoepie.	
Woensdag	Marli verloor 'n R5-muntstuk.	
Donderdag	Marli verdien R8 by haar ma omdat sy die tafel mooi gedek het.	
Vrydag	Marli spandeer R10 op 'n koeldrank voor netbaloefening.	
Saterdag	Marli gee vandag niks geld uit nie.	
Sondag	Hoeveel rand het Marli vandag in haar beursie oor?	

Doen jou berekeninge hier:

$$R20 - R4 = R16 \checkmark$$

$$R16 - R5 = R11 \checkmark$$

$$R11 + R8 = R19 \checkmark$$

$$R19 - R10 = R9 \checkmark$$

Marli sal Sondag R9 in haar beursie hê. \checkmark

Vraag 4: 2D-vorms

4.1 Kyk na die volgende prent wat geteken is met 2D-vorms en beantwoord die vrae wat volg.



4.1.1 Noem vier verskillende vorms wat jy herken.

(4)

Sirkel ✓

Reghoek ✓

Driehoek ✓

Vierkant ✓

4.1.2 Hoeveel blou reghoeke is in die skets?

(1)

2 ✓

4.1.3 Voltooi:



(3)

In die skets is daar **2/twee** swart en **4/vier** rooi **sirkels**.

4.2 Ontwerp nou jou eie prentjie deur die volgende 2D-vorms te gebruik:

(5)

✓ 1 punt vir die gebruik van elkeen van die 5 2D vorms



[13]

Totaal: [55]